

Voorlaaierspan neem aan internasionale wedstryd deel

Deur **GERRIT SCHAAFSMA**

Die Suid-Afrikaanse voorlaaierskietspan neem vanaf 10 tot 18 Augustus aan die wêreldkampioenskap in Bavaria, Duitsland, deel. Al die wapens wat in dié kompetisie gebruik word, is outydse wapens wat voor 1890 bestaan het.

Sommige deelnemers gebruik nog oorspronklike toerusting uit daardie tydperk, maar die meeste het replikas, wat tot R30 000 elk kos.

Die Suid-Afrikaanse span is die

wêreldkampioene in die langafstand-kategorie, maar gaan in Duitsland aan die kortafstand-kategorie deelneem.

Die kortafstand-kategorie bestaan uit teikenskiets op 25 meter (pistool), 50 meter (pistool en geweer) en 100 meter (geweer).

Die vorige kortafstand-kompetisie is in 2010 in Portugal gehou. Die Suid-Afrikaanse span het nie binne die topdrie geëindig nie, maar een van die span se lede het veral uitblink.

Mnr. Fredrik Jacobs het 'n goue medalje in die 100 meter-afdeling

gewen, met die merkwaardige telling van 99 uit 100. Hy neem vanjaar weer deel as 'n lid van die Suid-Afrikaanse span.

Dr. Corena de Beer is 'n veteraan-skut wat op verlede jaar se wêreldbyeenkoms tiende geëindig het. Sy meen die span gaan vanjaar puik presteer en 'n paar medaljes huis toe bring.

“Ons het 'n jong en dinamiese span wat gaan deelneem,” sê De Beer.

Sy was deel van die Suid-Afrikaanse span wat verlede jaar die langafstand-kompetisie op die in-

ternasionale byeenkoms gewen het. Dit is die vierde keer dat sy deelneem.

Die Duitse span is die heersende wêreldkampioene in die kortafstand-kategorie.

Mnr. Merwe van Rensburg, voorsitter van die SA Swartkruitskietunie, sê die Suid-Afrikaanse span het 'n uitstekende kans om 'n paar medaljes te wen.

“Jacobs het in 2010 uitstekend gepresteer. Ek dink De Beer staan ook 'n goeie kans, maar dit hang alles af van hoe dinge op die dag verloop,” sê hy.